Wes-Kaapse Regering
Onderwys
VIR JOU

Dienshandves

Distrikskantoor Eden en Sentrale Karoo

Caring | Competence | Innovation | Accountability | Integrity | Responsiveness

Ons missieverklaring:

Dat elke kind leergeleenthede van gehalte in ’n funksionele en bemagtigende omgewing verwerf om kennis, bevoegdhede, vaardighede, en waardes aan te leer om sukses in ’n uitdagende wêreld te kan behaal.

Ons strewe:

Versekering van gehalteonderwys–

- vir elke kind;
- in elke klaskamer; en
- in elke skool in hierdie provinsie.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het v**erskeie areas geïdentifiseer** waarop dit sy e**nergie en hulpbronne oor die volgende paar jaar gaan toespits**, en dit word deur die volgende beleidsprioriteite onderskryf:

1. Versterking en uitbreiding van leergeleenthede van gehalte vir verbeterde leer.
2. Verbetering en uitbreiding van bemagtigende leeromgewings.
3. Versterking van funksionaliteit en aanspreeklikheid.
4. Versterking en verbetering van innoverende aanpasbaarheid en gereedheid vir ’n veranderende konteks.

Prioriteitsfokusgebiede van ons onderwysdistrikte is:

- om seker te maak dat elke skool ’n funksionele inrigting is;
- om seker te maak dat gehalteonderwys in elke klaskamer plaasvind; en
- om beheerliggame te bemagtig.

Grondslag vir prestasieverbetering (standaarde)

Die vier prestasiegebiede in die lys hieronder vorm ’n stewige grondslag waarteen die WKOD sy prestasie kan meet:

- Verbetering van leerderprestasie in graad 3, 6, 9 en 12.
- Verbetering van die leerderretensiekoers binne die Verdere Onderwys en Opleidingsband (graad 10 tot 12).
- Versekering dat leerders toegang tot tegniese, landbou-, beroeps- en vaardigheidsvakke en -skole het.
- Versekering dat skole veiliger, beveiligder plekke vir leer is.

Ons toegangsbrosjures (kontakbesonderhede van ons senior bestuur, |direktorate en eenhede) en diensleweringstandaarde se skedule is aanlyn beskikbaar by:
https://wcedonline.westerncape.gov.za/wced-services-access-schedule

Ons onderwysdistriksfunksies

Om die gehalte van onderwys en onderwysinrigtings binne die distrik deur middel van die volgende funksies te bestuur:

- Ontwikkeling en ondersteuning van onderwysinrigtings om gehalteonderwys binne ’n distrik te verseker.
- Bestuur van distriksakebeplanning, operasionele prosesse, inligtingstelsels, kommunikasie, infrastruktuurbeplanning, bestuur en beheer.
- Bestuur, koördinering en ondersteuning van kurrikulumlewering op inrigtingsvlak deur die kringe.
- Lewer leerderondersteuning aan inrigtings deur die kringe wat gespesialiseerde onderwysprogramme en leerdergesondheid en -welstand insluit.
- Lewer ’n korporatiewe diens op distriksvlak.

Toeganklikheid:

Ons geboue is toeganklik vir mense met gestremdhede.

Werkure:

Kantoorpersoneel: 07:30 - 16:00

Ons Fundamentele Waardes

Die WKOD handhaaf die volgende gedeelde waardes, wat die Batho Pele-beginsels as rigtinggewende bakens aandui, wat ons te help om ons visie en missie na te streef:

- **Sorgsaam** – Om te gee vir diegene in wie se diens ons is en met wie ons werk
- **Bevoegdheid** – Die vermoë en bevoegdheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is.
- **Aanspreeklikheid** – Ons aanvaar verantwoordelikheid.
- **Integriteit** – Om eerlik te wees en die regte ding te doen.
- **Vernuwing** – Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en op vindingryke wyse kreatiewe oplossings vir probleme te vind.
- **Reageer** – Om aan die behoeftes van ons burgers en werknemers te voldoen.

Klagtesafdeling (terugvoerfasiliteit)

Dit is ons **klagtes-/komplimentefasiliteit** waardeur jy:

- jou waardering teenoor ’n individu of inrigting, wat doeltreffende diens aan jou gelewer het, kan uitspreek;
- die WKOD vir ’n diens kan **komplimenteer**;
- oor swak diens kan **kla**; of
- **regstelling vra** omdat jou klagte vergete is, geen aandag gekry het nie of as onbelangrik deur WKOD-werknemers hanteer is.
- Daar sal **binne 14 dae skriftelik** op elke geregistreerde klagte gereageer word.

Skryf vir ons: WKOD se klagtesafdeling, Direktoraat: Kommunikasie, Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000, of
https://wcedonline.westerncape.gov.za/give-us-your-feedback

Kontakbesonderhede		
Minister van Onderwys Privaatsak X9161, Kaapstad, 8000 2de Verdieping, Vunani-kamers, Kerkstraat 33, Kaapstad, 8001 Tel.: 021 483 6574 Faks: 021 425 5689	**Hoof van die Departement** Privaatsak 9114, Kaapstad, 8000 Laer Loopstraat, North Wharf-Blok 1, Kaapstad, 8001 Tel.: 021 467 2535 Faks: 021 483 7658	**Distriksdirekteur** Privaatsak X6510, George, 6530 York Park-gebou, 1ste Verdieping, St. Johnsstraat, George, 6529 Tel.: 044 803 8300 Faks: 044 873 2253

Verklaring van uitvoerende gesag

Ek, Debbie Schäfer, verbind my department, ooreenkomstig Regulasie 37 van die Staatsdiensregulasies, 2016, gepubliseer in Staatskoerant No. 10621 van 29 Julie 2016, soos gewysig, om aan hierdie Dienshandves te voldoen.

Minister D Schäfer

13/12/2021
Datum